VAN ONS SUSTERS

Oktoberfees

Die Susters se verkoping vind plaas op **Saterdag 30 Oktober 2021** en begin om **08:30 tot 12:00.** Ter wille van die Covid-beperkings sal daar aanpassings in die formaat gemaak word.
In beginsel is daar besluit op die volgende stalletjies: Kerrie & Rys, pannekoek, poeding, wit olifant, gebak, koeldrank en koffie- en teetuin. Die wyksusters sal lidmate kontak in verband met 'n bydrae vir bogenoemde tafels of kontant of hulp in watter vorm ook al. Meer besonderhede sal in 'n volgende *"Op die Kerkwerf"* verskyn.
Die wykslyste vir die wyksusters van die gemeente is vandag beskikbaar. Dit kan ná die diens in die saal afgehaal word. Daar is nog drie wyke sonder 'n wyksuster. Indien u beskikbaar is kom meld sommer vanoggend aan asb. ***Nelly, nms Susters***

SUSTERSVERKOPING

Saterdagoggend 30 Oktober 2021 met ons verkoping gaan ons weer heerlike pannekoek verkoop. Almal wat die oggend kan kom help oprol en verkoop kan my kontak voor 15 Oktober (gee gerus die tye deur wat jou pas en ek trek 'n rooster op)
Marlise Stoop (sameroeper)

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**.
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 37, nr 34 Sondag 12 September 2021
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste: Ouderling wyk 15 **Fanie Jooste** en wyk 16 **Jasper Dreyer.** Diaken: Wyke 15 **vakant** en 16 **Johann de Waal**

EREDIENSTE

Oggend prof Paul Krüger, aand Teologiese Student Floris van Staden

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddienste om 9:30: Eredienste ook per whatsapp

OGGEND: Die oggenddiens word vandag waargeneem deur prof. Paul Krüger. Prof. Paul en Helena verhuis DV Woensdag na die Suid-Kaap waar hulle hulle sal vestig. Ons is die Here dankbaar vir die kosbare koninkrykswerk wat u hier in Potchefstroom gedoen het, en bid u ryke seëninge toe op die nuwe fase in u lewe!

Bediening van die Woord:
Skriflesing: Handelinge 20: 22 - 23; 21: 3b - 13; 17 - 26.
Fokusgedeelte: Psalm 37: 23.
TEMA: ***Die Here hou ware gelowiges vas, selfs al val hulle***
Hoofpunte:
- Die HERE se dienaars struikel en val
- Paulus se val • Die reis na Jerusalem
- Die offer in die tempel • Kyk hoe groot is die Here se trou!

Sing: Psalm 138:1.4; Ps 139:12; Ps 119:40.63; Ps 118:7.9.14

AAND:18:00
Teologiese Student Floris van Staden ontvang vanaand die geleentheid om sy eksamenpreek voor die gemeente af te lê. Br. Floris se eksaminatore, proff. Francois Muller en Naas Ferreira volg die eksamenpreek via die direkte uitsending. Ons bid br. Floris die seën van die Here op sy studies toe.

Woordbediening: Teks: Eksodus 20: 7, Lukas 12: 8 - 12
Heidelbergse Kategismus Sondag 36, V&A 99.

TEMA: ***God openbaar sy heilige karakter sodat ons Hom by name reg kan bely.***

Sing: Psalm 145: 1, 2, 5; Psalm 25: 2, 3, 5; Psalm 97: 1, 4, 5

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir **Bystandsfonds vir Diakonieë** (SDDS) in die rooi sakkies.

Vanaand: *Diens van Barmhartigheid* en *Kerkkas*

U word vriendelik versoek om vir die volle duur van die eredienste u masker te dra en om deurentyd gesonde afstand te handhaaf.

Die volgende 2 uitgawes van Op die Kerkwerf word versorg deur Leana Mostert leana.mostert2519@gmail.com

Vergadering van ouderlinge met diakens

Die ouderlinge vergader vanaand ná die erediens saam met die diakens. Die gemeente word opgeroep om vir die ouderlinge en diakens voorbidding te doen vir die vergadering vanaand en ook op hulle dienswerk in die gemeente.

LIEF EN LEED

Vanweë buitengewone omstandighede kon **Koos Nortjé** se operasie aan sy skouer nié die afgelope week plaasvind nie. Ons bid dat die Here aan hom die genade sal gee om die pyn en ongemak te verduur en dat Hy in liefde op die bestemde tyd uitkoms sal gee.

Ds Jannes was die afgelope week siek en het veral probleme met sy stem. Ons bede is dat hy spoedig en vol-kome sal herstel om met sy kosbare dienswerk te kan voortgaan.

Ons noem dit nie gereeld nie, maar ons doen voortdurend, behalwe vir al die doop- en belydende lidmate van ons gemeente, besonderlik voorbidding vir die lidmate in die versorgingseenhede. Mag ons troue Verbondsgod elkeen in sy troue liefde dra en onderskraag om in die dae van ouderdom, swakheid en siekte in die geloof te volhard en steeds duideliker die onsienlike te sien.

In Huis Eikelaan se versorgingseenheid dink ons aan **Hettie van Zyl, Johanna de Bruyn, Johanna van Vuuren, Mien Prinsloo en Ds Leo van Schaik.** In Huis Anna Viljoen is daar **Tienie Venter, Lola Kruger en Nan du Plessis** en in Samuel Broadbent **Bets Buys.**

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

12 Sept	**Su-Mart Dreyer,** Wyk 20.
13 Sept	**Frank v d Kooy,** Wyk 20
14 Sept	**Christa Kruger,** Wyk 19
15 Sept	**Quintin Venter**. Wyk 16
16 Sept	**Ansu Berg,** Wyk 2
	Sybrand v d Merwe, Wyk 18
17 Sept	**Jeanette Fourie,** Wyk 4 (83)
	Emma Jooste, Wyk 19
	Rudy v d Spoel, Wyk 18 (80)
18 Sept	**Gerda Bouwsema,** Wyk 18

VAN ONS KERKRAAD

BYBELSTUDIES

Di	07/09	15:00	Huis Eikelaan	Groot saal o.l.v. prof Callie
Wo	08/09	18:30	Jeugkamer	Daniël 8
Do	09/09	09:30	Kerkkantoor	Handelinge 8

Katkisasie

			Vandag 12 September	**Sondag 19 September**
Lesrooster:			Les 17 en Sondag 17	Les 18 en Sondag 18
Psalmvers:			Psalm 27: 1A	Psalm 27: 1
Katkisasie toesig:			Ouderling wyk 15: Gr 7 Ouderling wyk 16: Gr 11	Ouderling wyk 17: Graad 0 Ouderling wyk 18:Gr 1& 2
Wo	15/09	14:30	2021 Belydenisklas	HK Sondag 21
		15:30	Graad 8, 9 katkisasie	Les 13

ATTESTATE

Ontvang vanaf GK Die Bult: **Willem Johannes (Hans) Laufs** en eggenote **Lourensia Gertruida (Lourensia) Laufs,** gebore Campher. Woon in Huis Eikelaan, wyk 15 ouderling Fanie Jooste, diaken vakant. Wyksuster Willie van der Walt.

Die spesiale kollektes in September 2021 gaan vir:

Sondag	19 September	Uitdra Evangelie
Sondag	26 September	Emeritaatsversorging

FOTOSTAATMASJIEN

Die kerk se ou fotostaatmasjien het na 16 jaar begin probleme gee en kon nie meer herstel word nie want daar is geen onderdele meer beskikbaar nie. Die afgelope weke het ons ***Op die Kerkwerf*** by SMP, op die Bult (langs ABSA) laat druk. Attie Viljoen eienaar van SMP, en lidmaat van ons gemeente, het nou 'n fotostaatmasjien aan ons gemeente geskenk. Ons sê baie dankie vir hierdie groot geskenk.

Ons gemeenteblad "Op die Kerkwerf" verskyn elke week op die webwerf (www.gkpotchefstroom.co.za). Die preke van Sondae word op WhatsApp asook op die Webwerf uitgestuur

Die Kerkblad

Ondersteun Die Kerkblad asseblief. Lidmate wat graag wil inteken op Die Kerkblad, kan met Prof Callie of ouderling Piet Aartsma skakel. Die voortbestaan van ons blad is afhanklik van soveel intekenare as moontlik. Intekengelde is R323 per jaar vir die harde-kopie en R135 vir die elektroniese kopie (11 uitgawes)

HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

NOU VRYDAGAAND
17 September 2021

Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal.
Vir 'n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☏ 018 294 4600 of ☏ 082 923 1384
R 25 per hamburger. Pannekoek **R 5.** Dit is 'n **"winskoop"**

Geopende Deure Suider-Afrika

Vind ons bankbesonderhede hieronder, indien jy 'n donasie deur Internetoorplasing (EFT) wil maak: Geopende Deure -

Behalwe vir gebed, is Bybels steeds die item waarvoor ons broers en susters in die vervolgde Kerk die meeste vra. Baie gelowiges kan nie Bybels in die hande kry nie omdat dit te skaars, te duur of onwettig is – maar soos jy weet, is dit noodsaaklik om hoop te bring!

Saam met Bybels vir volwassenes, is daar ook 'n groot aanvraag vir Geïllustreerde Kinderbybels. "John", wat nou 'n tiener is, het een van die eerste Kinderbybels in Viëtnam ontvang. Hy sê: "Die Kinderbybel het my 'n fondasie gegee om die Here te verstaan. Dis 'n kragtige boek wat ons lei om Sy wil te doen."

Talle Christene wêreldwyd, wat beide kinders en volwassenes insluit, bid vir 'n Bybel.

Jou ***Geskenk van Hoop*** kan aan hulle hul eie kopie van die ewige Woord van God gee.

(hoofmoment om 19:00) te Kerkmuseum (Molenstraat 12)
Bring jou piekniekmandjie en geniet die heerlike lenteweer.
Steek 'n kersie aan en onthou 'n geliefde wat nie meer by ons is nie.
Waardeer jou wortels en gedenk jou erfenis met die besoeke aan die museums & interaktiewe uitstalling.
Neem deel aan die aandoordenking om 19:00.
Navrae/spesiale reëlings: Kontak gerus vir Carmie Huisman op of 21149895@nwu.ac.za
Neem asseblief kennis dat daar aan alle Covid-19 protokol voldoen sal word Die volgende is verpligtend: * Dra van masker * sanitering * koorsmeting * inskrywing van u inligting met aankoms.